Dinsdag 4 Augustus

Skrifgedeelte: Lukas 22:47-53
Fokusgedeelte: Lukas 22:49-51 (NAV)

Malgus – Volg en moenie veg nie!

In moeilike lewensdae en tye kan ’n mens maklik dom dinge doen. Paniek bewerk onsekerheid en ongemalikheid en baie keer woededade wat onverantwoordelik is. Soos Petrus in die Evangelie volgens Lukas 22. Jesus op die punt om gevange geneem te word. Paniek en spanning en seer. Die Judaskus. Jesus aan die wreedheid en kortsigtigheid van mense uitgelewer. Wat gaan van die mensdom word? Wat gaan van die wêreld word? Tye en dae en moment en moontlikheid, sonder Jesus! Hoe gaan die dissipels en Jesus se volgelinge regkom?

Petrus maak ’n plan. Hy trek sy swaard. As volgeling van Jesus wil hy ter wille van Jesus veg. Volg deur te veg. Bang en benoud en die swaard moet red. In plaas daarvan om op die Godsplan te fokus, fokus Petrus op Malgus en slaan en skend. Die hare waai spreekwoordelik en Malgus se oor is af.

Petrus wil sake reg veg. Jesus wys die ander weg. Te midde van die grootste spanning en welwetende wat wag, doen Jesus nogeens ’n wonderwerk deur Malgus se oor te genees en die swaardmerke uit te vee. Christus se goddelike krag. Groter as dié van die hoëpriester en sy slaaf, Malgus.

Moenie op Malgus fokus nie, maar op my almag, wil Jesus sê. Ek, die Messias wat geen slagoffer van omstandighede is nie. Nie die stukkende en gespanne omstandighede van die lewe met die swaard heel te maak nie, maar met die kruis en kruisverdienste. Malgus se oor te genees en uiteindelik in geheel aan die kruis stukkend te breek om elkeen wat deur die sonde gevange geneem is, te verlos.

Die moeilikheid van jou omstandigheid hoef nie paniek te ontlok nie. Jy hoef nie ore af te kap nie. Die hare hoef nie te waai nie! Malgus is nie die fokus nie, maar Hom wat afgekapte ore én stukkende harte genees. Jesus, gevange geneem om jou uiteindelik te verlos!

As in my angs en teëspoed, die krag en moed my wil begewe. Dan keer U hand ... en red my lewe!

Sing: Psalm 138:4
Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)